# PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT

**PRIVAATSAK X53**
**PRINS ALBERT**
**6930**

## DIREKTORAAT : KORPORATIEWE DIENSTE
### KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
### VAKATURE: ADMINISTRATIEWE ASSISTENT

## KENNISGEWING NR 02/2019

***Die Prins Albert Munisipaliteit is verbind tot billike, doeltreffende en volhoubare dienste vir die totale gemeenskap.***

Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm, word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as: **ADMINISTRATIEWE ASSISTENT**

**VEREISTES**

- Graad 12 (NQF 4);
- Rekenaarvaardig (MS Word, Excel, Powerpoint);
- 'n Geldige Kode EB Rybewys;
- Diplomaties;
- Groot vertroulikheidsvlak
- Goeie interpersoonlike vaardighede en menseverhoudings;
- Goeie kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels;
- Kursusse in Kantooradministrasie en Kommunikasie sal voordelig wees

**SLEUTEL PRESTASIE AREAS:**

- Kantoorbestuur vir Munisipale Bestuurder
- Verskaf administratiewe en sekretariële ondersteuning aan die Munisipale Bestuurder;
- Kliëntediens en publieke skakeling asook kommunikasie met besoekers en diensverskaffers;
- Navorsing, versameling en beskikbaarstelling van informasie;
- Projekbestuur van administratiewe projekte;
- Samestelling van verslae asook voorbereiding van agenda's en notules vir vergaderings en fasilitering van sessies;

  Opstel van verslae en korrespondensie namens die Munisipale Bestuurder

**SALARIS**: **T7 - R 136 512.00 PER JAAR (R11 376.00 PER MAAND)**
Benewens gemelde salaris, bied die Raad sy permanente werknemers die volgende byvoordele: Pensioen- en mediesefonds bydraes, behuisingsubsie, ruim verlof en siekteverlof en 'n dertiende tjek na 12 maande diens.

**STATUS VAN POS: PERMANENTE POS**

**SLUITINGSDATUM: VRYDAG, 01 FEBRUARIE 2019**

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm met gewaarmerke afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument moet gerig word aan **ME. DEBBY MOONEYS-PERSONEEL AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Tel. 023-5411 036, voor of op **VRYDAG 01 FEBRUARIE 2019**.

Prince Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensneming-wergewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**


**PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT**
**PRIVAATSAK X53**
**PRINCE ALBERT, 6930**
**TELEFOON NO:** 023 – 5411320
**FAKS NO:** 023 – 5411321
**E-Pos Adres:** debbiem@pamun.gov.za


**JD NEETHLING**
**WNDE MUNISIPALE BESTUURDER .**

**11 Januarie 2019**